

**Vrydag 28 Junie**

**Skrifgedeelte: Johannes 6:28-35**

**Fokusgedeelte: Johannes 6:35**

**In die nagmaal eet en drink ons Jesus**

Ons moenie net werk vir brood op die tafel nie, maar eet van die Brood van die ewige lewe ... Maar hoe doen 'n mens dit? Hoe eet en drink ons die Here?

Jesus wys ons hier hoe maklik ons na onself kan kyk en die Here nie raaksien in ons lewe nie. Dit is nie Moses wat die volk manna in die woestyn gegee het nie, maar God. Die mense soek 'n teken, 'n wonder, wat hulle alreeds gesien het, maar hulle sien dit nie raak nie. Hulle kyk na hulleself, hulle sien net hulleself raak. Hulle soek net hulle eie voordeel.

Jesus het nie gekom vir ons persoonlike voordeel nie, maar om sondaars te red. Daar is gemeenskap met ander sondaars. Die oomblik as ons net vir onself leef, dan sien ons nie meer die Here raak nie. Met die nagmaal is dit ook so. As ons die nagmaal bloot vir onself gedenk, dan gaan dit oor wat EK kry, en wat EK het, en wat EK soek. As ons soek na die ware Brood, Jesus Christus, dan sien ons wat die Here aan ONS gee, wat Hy aan ONS doen, hoe Hy in ONS werk.

Om Jesus te eet en te drink, is om sy dood te gedenk, nie net in jou eie lewe nie, maar in jou hele lewe. In al jou woorde en werke en gedagtes. Dit is om jousef as sondaar te sien in die spieël van God se wet, maar terselfdertyd te ervaar hoe jy vernuwe word deur die Heilige Gees, dat jou lewe nie net vir jousef is nie.

Die nagmaal is gemeenskap. Dit is om verby jousef te kyk. Om Christus raak te sien, maar so ook elkeen wat aan Hom behoort.

*Sing: Psalm 41-1:1*

*Ds. LJE Venter (Lourens) (Kimberley)*